

# Profieltoets

PROFIELTOETS

## KWEEK KINDERS met karakter

PROFIELTOETS VIR KINDERS EN OUERS



# DEEL EEN\_ Op julle merke, gereed ... kweek!

Is ons gereed vir ouerskap?

Ek en my kinders het een oggend die twee lelikste babavoëltjies denkbaar onder 'n boom in ons tuin opgetel. Te groot om duifies te wees, te lelik om iets adelliker te wees. Verbouereerd het ons besef ons weet nie eens of die eienaardige, krom, lang snawels vir saad of wurms bedoel is nie. Dalk sou die slap *ProNutro*, wat ek een keer my ma met 'n druppertjie aan 'n babavoëltjie sien toedien het, nie hierdie keer die regte ding wees nie.

Kuikenmoord was op die horison ... Gelukkig kon 'n bekwame dame met 'n voëlhospitaal hulle uit ons hande neem – gelukkig vir hulle! (Hulle was toe blykbaar hadidakuikens.)

Ek het dadelik onthou dat ek omtrent ewe verbouereerd en toe verlig was die dag na my eerste baba se geboorte. Die verpleegster het laatoggend halfbeskuldigend, halfverbaas gevra of ek dan nog nie my baba vandag gebad het nie. My stom skok dat ek nooit eers daaraan gedink het nie, en toe die vrees dat sy soos 'n eksaminator gaan toekyk of ek dit volgens die boek doen, het net as stommigheid by haar geregistreer. Toe het sy vir Idalise sonder 'n woord opgeraap, en haar tot my verligting self gaan bad. Ook maar beter so, want ek was ten spyte van voorgeboorteklasse nie opgewasse vir die taak nie!

Nie almal van ons is of voel ewe gereed vir wat die ooievaar so skielik aflewer nie. My moederinstink het baie verdrag ingeskop. Daarteenoor ken ek 'n jong kinderlose paartjie wat met die grootste grasia vier pleegkinders – almal onder ses jaar oud! – gelyk ingeneem het met omtrent 'n halwe dag se kennisgewing.

Almal was teen sesuur op die eerste aand gevoer, gebad en uitgevat tot by pantoffels en kamerjassies! Hierdie pleegouers is van dieselfde stoffasie as daardie dame van die voëlhospitaal gemaak.

Volgens 'n anonieme (effens siniese!) ouer is kinders maar net verlengde

dermkanale met harde geluide aan die een punt en gebrekkige verantwoordelikheid aan die ander. Ouerskap behels die uitdaging om te weet wanneer om aan watter kant aandag te gee, beweer hy.

As dit so eenvoudig was, was ons soos die ou vrou in die kinderrympie wat met haar tien kinders in die skoën gewoon het: Ons sou ook pap en die papepel afgewissel het terwyl ons hoop vir die beste.

Ons besef egter dis meer kompleks; daarom wil ons so graag weet hoe om as ouers die absolute beste te doen.

Party van ons berei voor vir ouerskap, en ander wil oorbegyn, en berei nou voor vir *beter* ouerskap. As jy hierdie handleiding lees in voorbereiding op nuwe ouerskap, dan is dit omdat jy die erns van jou naderende ouerskaptaak besef. As jy reeds 'n ouer is, en hoop om uit hierdie handleiding meer as kitsreseppies te kry, dan is dit omdat jy soos ek al ervaar het hoe moeilik ouerskap kan wees.

Gereedheid vir ouerskap is soveel meer as om 'n stootwaentjie en karstoeltjie gereed te hê of 'n spaarplan te open vir jou ongebore kind se universiteitsjare. Dit breek nie aan die oomblik wanneer die babakamer se nuwe gordyne gehang is en die vernisreuk wat deur die afgeskuurde bababedjie afgegee is, uit die lug is nie. Dit begin baie dieper in ons.

Gereedheid vir ouerskap begin by basiese volwassenheid – die ingesteldheid om nie meer net vir eiebelang te leef nie, maar vir 'n erfenis. Om te belê in iets (iemand!) wat ons gaan oorleef.

Elizabeth Stone het gesê die besluit om 'n kind te hê is monumentaal. Dis die besluit om jou hart vir altyd buite jou lyf te laat rondloop. Ouerskap kan inderdaad jou hart met tye uit jou bors ruk, maar dit kan 'n mens se hart ook neem na dieptes en hoogtes wat net in die avontuur van ouerskap te vinde is. Ons kinders leer ons die grensloosheid van liefde en die eindeloosheid van die opofferings wat dit kan vra.

## Hoe kan ons onself op beter ouerskap voorberei?

As ouerskap dan so 'n groot uitdaging is, moet ons sekerlik onself daarvoor voorberei deur te lees en klasse by te woon, ja, maar ook deur 'n paar dieper dinge vir onself uit te klaar.

As ons van die soort ouers is wat weet hoe ontoereikend ons in al ons “wysheid” kan wees, moet ons ’n paar gedagtes vasgryp en daarmee werk, veral as ons gereed wil wees vir die beste ouerskap moontlik. As ons die voorbereidingswerk aan die hand van die volgende drie gedagtes doen, kan ons beter vaar as wat ons ooit sou dink!

- Ons het vorming net so nodig soos ons kinders.
- Ons verlede moet plek maak vir ’n nuwe visie.
- Ons moet verantwoordelikheid aanvaar – vir altyd.

### Gedagte 1: Ons het vorming net so nodig soos ons kinders

Ons eerste vraag tydens ouerskap is gewoonlik: Wat moet ek met hierdie kind doen? Eintlik moet die vraag wees: Wat moet ek vir hierdie kind *wees*? Ons vergeet die groter prentjie wanneer ons so besig raak met mooipraat, preek, raas, piets, straf, soebat, dreig, kwaai kyke gee, omkoop, kamer toe stuur en nog baie ander dingetjies. Dit is egter nie in al hierdie “tegnieke” wat die suksesvolste aspek van goeie ouerskap opgesluit lê nie.

Die sleutel tot goeie ouerskap lê in ons wese. Hoe innig kan ek liefhê? Hoe gou kan ek vergewe? Hoe geduldig kan ek wees? Hoe maklik kan ek jammer sê? Hoe diep is my toewyding aan my taak as ouer? Wat is ek bereid om van myself te gee? As die antwoorde op hierdie vrae my laat bloos, is dit mos ’n duidelike teken dat ek ook gevorm sal moet word!

Ons het vorming net so nodig soos ons kinders. Ek glo vas dat net gebuigde ou bome jong boompies sal kan buig.

As ons self verstok en hardkoppig is, kan ons kwalik ons taai jong boompies hanteer sonder dat hulle en ons takke gaan kraak!

Die Here gee nie net aan kinders ouers vir die kinders se beswil nie, maar ook kinders aan ouers vir die ouers se beswil! Ons kinders buig ons dalk amper net soveel as wat ons hulle buig – net op ander maniere.

Voordat ons van ons kinders iets in ruil verwag – naamlik goeie gedrag – gee ons vir hulle die beste van onself. Die Here het daardie voorbeeld gestel deur ons eerste lief te hê. Hoe word ons die beste wat ons kan wees sodat ons iets betekenisvol sal het om te gee?

In Johannes 15:1-8 en vers 16 word ons herinner dat ons nooit vrug sal dra tensy ons op die Wynstok ingeënt is nie. Wanneer ons egter wel aan Jesus verbind is, en die Vader se snoeiwerk in ons lewens ontvang, dra ons vrugte wat sal hou. Ons kinders is hopelik ingesluit by die oes!

As ek sal toelaat dat die Groot Tuinier aan my snoei terwyl ek my saailinge snoei, en my buig terwyl ek my jong boompies buig, word die dissipelskapproses van ouerskap 'n realiteit. Dan volg ons en ons kinders saam die voorbeeld van Christus. Ons hoef dus nie altyd die regte ding te doen nie, maar ons moet daarna streef om die regte ingesteldheid te hê. Wie is buitendien die perfekte voorbeeld vir hulle kinders?

Wanneer ons fouteer, is ons nie 'n goeie voorbeeld nie, maar dit diskwalifiseer ons nie vir ouerskap nie! Ons moet egter 'n baie belangrike ding verstaan: 'n Lewe van oorgawe aan Jesus is 'n beter voorbeeld as 'n lewe van valse foutloosheid. Net so is 'n verroeste bordjie wat in die regte rigting wys, beter as 'n blink gevryfde padwyser wat 'n skewe koers aandui. Wanneer ouerskap 'n spieël voor ons ophig, en ons met al ons tekortkominge konfronteer, kan ons dik grimering bo-oor die vlekke en plooië plak – of ons kan na die waarheid oor onself kyk, en met die Here se genade weer probeer.

Ons moet eerder 'n lewe leef wat vertel van val, gebrokenheid en vergifnis, van vordering en vrug, as om onself te probeer voordoen as die volmaakte voorbeeld. Ons leer ons kinders daardeur hoe hulle ook kan val en opstaan.

Die enigste Voorbeeld wat waardig is om voorgehou te word, is Jesus. Ons beste voorbeeld vir ons kinders is daarom een van opregte Jesusnavolging.

**Gedagte 2: Ons verlede moet plek maak vir 'n nuwe visie**

Daar is veral twee komponente van ons verlede waarvan ons moet probeer wegstap as ons gereed wil wees vir die beste ouerskap moontlik: Die ouerskapvoorbeeld van ons eie ouers en ons eie slegte ouerskapverlede.

## **Hoekom moet ek wegstap van my ouers se ouerskapvoorbeeld?**

'n Huwelik is die begin van 'n nuwe gesin. Baie jong egpare sukkel egter om los te kom van hulle oorspronklike gesin. Die man is dalk nog aan Mamma se voorskootbandjies vas, en die vrou is nog Pappa se meisiekind. Dit voorspel

probleme wanneer die nuwe gesin uitbrei.

Die byvoeging van kinders in 'n huwelik neem die werklikheid van die nuwe gesin 'n hele paar treë verder. As ons as jonggetroudes gedink het dis moeilik om te besluit by watter ouers se huis om Sondagmiddagete te gaan eet, is ons vir seker nog nie gekonfronteer met die besluit oor waar die kleinkinders Kersfees gaan vier nie!

As ons nie op 'n gesonde manier van ons ouerhuise loskom nie, word ons groot kinders in plaas van ouers in eie reg. Wanneer dit by kinderdissipline kom, kan ons nie bekostig om meer as twee ouers met hulle eie opinies in die huis te hê nie!

Baie huise het reeds twee ouers wat nie kan saamstem nie. Voeg daarby die twee stemme wat elke ouer in sy of haar kop hoor oor wat sy of haar ma en pa onder die omstandighede sou doen, en daar is ses opinies en groot konflik onder een dak. Is dit nie so dat ons soms besig is om ons kind te dissiplineer, en skielik ons pa of ma se stem uit die verlede klokhelder hoor inmeng nie?

Party van ons het werklik vir Ouma of Oupa in ons huis, en dan is die stem nog moeiliker om te ignoreer wanneer dit aandrang op meer toegeeflikheid of 'n swaarder straf.

## **Moet ek ook wegstap van 'n goeie ouerskapvoorbeeld?**

In baie opsigte is die antwoord “ja”. Dié van ons wat mooi kindertydherinneringe en goeie verhoudings met ons ouers het, loop juis gevaar om steeds presies te probeer doen wat hulle gedoen het, en wat hulle sal gelukkig maak. Ek noem dit 'n gevaar, want die ouerskapeise het in twintig jaar baie verander. Alhoewel jy baie by jou goeie ouers kon geleer het, kan jy nie hulle voorbeeld dupliseer nie, en selfs al sou jy kon, sou dit nie jou kinders vir vandag se wêreld voorberei nie. Om te doen wat hulle gedoen het, kan selfs onwettig wees!

Daar was 'n tyd gelede 'n vuurwarm mediadebat oor lyfstraf aan die gang. Die reg van ouers om hulle kinders fisiek te dissiplineer is op 'n glibberige tafel. Waar ek ook al daarvoor gelees het, het dit my opgeval hoe onwetenskaplik en subjektief die voorbokke aan albei kante van die debat is.

Hulle spreekbeurte begin amper sonder uitsondering met emosionele

vertellings: “Toe ek sewe was ... Onder in ons kelder ... Ek onthou soos gister hoe ... My pa het op my sesde verjaarsdag ... ” Hierdie kampvegters baseer hulle standpunte op enkele ervarings, en hulle standpunte is dus gefundeer op *emosie eerder as oortuiging*.

Ongelukkig is dit bitter moeilik om ’n vaste oortuiging te vorm as ons gewond is. Ons moet gesond wees van alles wat dalk sleg was uit ons kinderdae. Ons moet ook gesond genoeg wees dat ons ouers se goedkeuring van ons ouerskapstyl minder belangrik is as ons eie oortuigings.

Wanneer ons die emosionele kan agterlaat en uit oortuiging begin dissipleneer en opvoed, het ons ’n nuwe visie – ’n vooruitsig wat ons help om doelgerig vorentoe te beweeg.

Goeie ouerskap is proaktief eerder as reaktief. Dit beteken dat ek my eie plan het, en nie net maak soos iemand anders gemaak het of eerder moes gemaak het nie. Ek moet verstaan waarom ek doen wat ek doen, en ek moet weet wat ek daarmee wil bereik.

Slaan ek nie, want “ek het goed uitgedraai daarsonder” of slaan ek nie, want “ek glo dit leer my kind geweld”? Slaan ek wel, “want die Bybel sê so” of slaan ek, “want die ander mense in my kerk glo almal daaraan”?

Daar is ’n tweede rede om nie maar net my ouers se goeie ouerskapvoorbeeld te dupliseer nie. Die gevare en eise in kinders se leefwêreld het oor die jare te dramaties verander.

Ons ouers kon ons laat TV kyk sonder om te vrees dat ons onskuld gesteel gaan word, en ons na enige skool toe stuur met die seker wete dat ons daar ’n goeie opvoeding gaan ontvang.

Ons ouers het ons grootgemaak in ’n wêreld sonder aborsiewette, die Internet, selfoonpornografie, okkultiese kaartspeletjies, openlike homoseksualiteit (selfs binne die kerk), dwelmhandelaars op die straathoeke en regstellende aksie.

Ons opgawe met ouerskap is vandag soveel anders dat ons eenvoudig ons benadering moet aanpas! Ons moet ’n baie groter aktiewe rol speel. Ek glo nie dat baie van ons dit doen nie!

## **Hoe kan ek oorbegyn as my ouerskapgeskiedenis sleg lyk?**

Ons moet ons eie ouerskapfoute kan agterlaat as ons van plan is om met visie vorentoe te beweeg. As ons tot nou toe baie mislukkings beleef het, en van voor af begin, moet ons seker maak dat ons ons regtig losmaak van wat agter ons lê.

Amper alle ouers wat voel asof hulle misluk het, voel so weens een of meer insidente van konflik met hulle kinders. Dit beteken iemand is skuldig, iemand is kwaad, iemand is spyt, iemand is hartseer of iemand is eensaam. Al hierdie emosies laat die probleem dikwels groter voel as wat dit is. Ons het dus regtig perspektief nodig – iets waarvoor ons moet bid voordat ons die klip uit die pad begin rol.

Ons moenie probeer om 'n reuse bloekomboom met 'n lepel uit te spit nie, maar ook nie om 'n klein brandneteltjie met 'n skopgraaf uit te grawe nie. Ernstige ouerskapflaters soos fisieke of emosionele mishandeling of verwaarlosing moet met 'n “skopgraaf” hanteer word, wat beteken dat ons professionele hulp moet inroep.

As ons egter net op 'n dag ons kind by die skool vergeet het, kan ons die probleempie met 'n “lepel” uit die weg ruim. 'n Fout is nie noodwendig gelyk aan swak ouerskap nie. Ons moet regstel wat ons kan, maar ook weet dat ons nog baie foute gaan maak, en dat daar in ouerskap ruimte is daarvoor!

As ons met nuwe visie wil vorentoe beweeg, moet ons die insidente identifiseer wat tot ons gevoel van mislukking gelei het, en dit so bevredigend moontlik oplos. Geen boek of kursus kan ons help as ons foute by ons en ons kinders spook nie. As hierdie dinge onder die mat ingevee is, sal ons dit ongelukkig daar moet gaan uithaal.

Die hartseer en skuldgevoel of bitterheid sal nie weggaan voordat ons dit alles hanteer het nie. Soms is dit net ons wat nog onself moet vergewe – iets wat ons biddend kan leer doen – maar dikwels moet ons saam met ons eggenoot en ons kinders die verlede se seer deurwerk. Daarna moet ons ons gedagtes dissipleneer om nie aanhoudend daarnatoe terug te gaan nie.

Onthou dat 'n kind se groot blaps nie noodwendig te wyte is aan mislukte ouerskap nie. Ons sou alles reg kon doen, en steeds moet toekyk hoe ons kinders die verkeerde pad kies. Dit is ongelukkig die realiteit van 'n vrye



wilskeuse.

Ons kinders kan “ja” of “nee” op ons ouerskap antwoord. Daarom hoef ons nie soos mislukkings te voel wanneer ons kinders ’n ander pad kies nie. Natuurlik gaan dit ons baie seer maak, en natuurlik is dit ’n teleurstelling, maar selfs die Vader van alle vaders moes deur die eeue tot vandag toe vrede maak met kinders wat “nee” antwoord. Ons kan seker nie verwag om beter te doen nie?

As ons nog nie ons kind vir verkeerde optrede vergewe het nie, moet ons dit ook leer doen, en leer om elke dag van voor af te begin met die geduld waarvan ons in Hosea 11 lees. Ons ouerliefde moet altyd triomfeer oor ons kinders se verkeerde gedrag. Die bitterheid oor die verlede kan ons vernietig. As ons ons dus werklik sal los maak van die verlede van ons en ons kinders se foute, is daar hoop en nuwe visie vir ons!

Sal jy jouself en jou kinders toelaat om voor te begin? Die Here staan vir seker gereed om jou deur sy Gees by te staan.

**Gedagte 3: Ons moet verantwoordelikheid aanvaar – vir altyd**  
Maak vrede met jou snoeiskêr, tuinvurk en gieter, want jy gaan nooit jou kinderkwekery kan laat vaar nie. Net soos aftrede nie in die Bybel genoem word nie, is daar geen teken dat ons roeping as ouers ooit afgehandel is nie. Eli is al oud en sy seuns volwasse wanneer die Here hom kom aanspreek oor sy kinders se gedrag (1 Samuel 2-4).

Die Here praat ook nie net nie, maar straf hom en sy nageslag oor hierdie versuim van ouerlike pligte op sy oudag. Ons hoef ook maar net te kyk na die Here se Vaderskap in ons lewens om te weet dat daar geen einde aan ons ouerskap mag wees nie. Ons word nooit mondig in die Here se oë nie.

Ons rol as ouers gaan deur die jare baie verander, maar ons klim nooit van die verhoog af nie. Ons geniet aanvanklik die kollig en speel die hoofrol in ons kind se lewe. Later speel ons al minder indrukwekkende rolletjies, en ons kan selfs uiteindelik met die dekor begin saamsmelt! Ons is egter vir ewig deel van die lewendraaiboek van ons kinders.

Ons blote teenwoordigheid beteken egter nie dat ons ons ouerskaprol goed vertolk nie. Ek het onlangs op Jeffreysbaai se strand ’n ma raakgeloop wat van Johannesburg af skelm agter haar elfjarige seun aangetoer het.

Sy was bekommerd dat die rugbytoer na 'n paar dae “nie meer vir hom lekker gaan wees nie”. Daarom sit sy hom van onder 'n strandhoed en afloer – gereed om hom te red sodra hy haar nodig het. Hierdie ma is definitief ook by elke wedstryd en elke ander betekenisvolle dag in haar seun se lewe. Maak dit van haar 'n goeie ma?

Ek het eenmaal 'n sielkundige by 'n oerleidinggroep hoor gesels oor die tieners waarmee sy werk wat selfmoordneigings het. Hulle het deur die bank gevoel dat hulle ouers hulle nie onvoorwaardelik liefhet nie. Die spreker het ons gevra om 'n sinoniem te gee vir onvoorwaardelike liefde.

Ons het 'n bietjie gespartel tot sy vir ons die reddingsboei uitgegooi het – *verantwoordelikheid* is die sleutel! Wanneer kinders nie voel dat hulle ouers werklik vir hulle verantwoordelikheid aanvaar het nie, kan hulle ook nie hulle ouers se liefde ervaar nie.

Baie van die tieners met wie hierdie sielkundige werk, het ervaar hoe hulle kleintyd al afgeskuif is op die bediende, die dagmoeder, die juffrou, Ouma en Oupa, die maatjie se ouers en die naskooltannie – nie net uit nood nie, maar ook wanneer dit eenvoudig die ouers gepas het. Ma en Pa was maar te bly oor al die ander gewillige hande – wanneer dit sleg gegaan het met hulle kind, maar ook wanneer hulle tyd vir hulleself wou hê.

Sanet (16) se ouers is altyd besig en eintlik verlig wanneer sy laat uitbly of eerder saam met ander gesinne gaan vakansie hou. Om haar intense emosies en al die baie behoeftes te hanteer, is net meer as waarvoor hulle na werk of oor naweke tyd en kapasiteit oorhet. Hoe meer veeleisend Sanet is, hoe verder hou die ma en pa haar van hulle lyf af.

Toe die skoolhoof hulle inroep nadat sy met dwelms in haar besit gevang is, verduidelik hulle dat Sanet regtig groot genoeg is om vir haarself te antwoord, en dat hulle haar onafhanklik grootmaak. Sy moet alleen verantwoordelikheid aanvaar vir haar onaanvaarbare optrede. Hulle gedeeltelike verantwoordelikheid vir haar ongelukkigheid, rebellie en dwelmmisbruik, is nooit ter sprake nie. Hulle was hulle hande in onskuld.

Ruben (17), 'n ander ewe depressiewe tiener, se ouers doen baie meer moeite. Ma werk nie, en is baie tuis. Pa gee baie sakgeld, en gaan 'n motor gee sodra Ruben sy lisensie het. Die antwoord op amper alle versoeke is “ja,

natuurlik, my liewe kind”. Sy ouers maak seker die mannetjie het die nuutste selfoon, skootrekenaar, *PlayStation* en ander “noodsaaklikhede”, soos ’n kamer met ’n privaat ingang. Hulle doen selfs moeite om by luukse oorde vakansie te hou en sy maats saam te nooi.

Ongelukkig ervaar Ruben min liefde, want niemand ken hom regtig nie. Niemand wil weet waarheen hy gisternag was of wat hy met verlede maand se sakgeld gedoen het nie. Hy vervals sy ouers se handtekeninge op sy rapporte en toetse, want niemand vra hom buitendien daaroor uit nie. Niemand vra hoe hy R300 se ekstra foonkoste in een maand by die selfoonrekening gevoeg het nie, en danksy die aparte ingang na sy kamer, kom hulle ook nie agter dat sy meisie party nagte onder hulle dak slaap nie. Solank hy oor niks kla nie, is hy seker gelukkig, en dan is hulle ook gelukkig.

Hierdie twee tieners is presies ewe ongelukkig, want hulle ouers het op verskillende maniere nooit hulle ouerskaprol met verantwoordelikheid opgeneem nie.

Ek sou graag wou glo ek is baie anders as hierdie ouers, maar die sielkundige se praatjie het my daardie dag tot besinning geruk. Ek was sterk op pad om die eerste ouerskapmodel na te volg. My bediende was mal oor babas, en ook mal oor vyfuur soggens opstaan. Dit het my dus wonderlik gepas om sewe-uur elke oggend ’n gelukkige baba met pensie klaar vol pap en bekkie afgevee tevrede en langbeen saam met Joyce op die sitkamerbank aan te tref. Joyce was ook liefwer as ek vir middaguitstappies park toe ...

Toe my seuntjie twee jaar later gebore is, was my dogtertjie se gedrag ’n reuseprobleem. Sy was onder andere besonder kwaai met my, en het probeer om haar boetie in die bad te verdrink! Toe ek haar na ’n spelterapeut neem vir hulp, was ek geskok om te verneem dat my dogtertjie se gedrag ’n duidelike boodskap vir my wou stuur:

Sy was nie seker wie ek in haar lewe wou wees nie, want ek speel nie my rol as ma konsekwent nie. Sy sien vir Joyce in haar binnekring, en vir my op die randjie van haar lewe. Aangesien sy ’n baie onseker band met my het, is Boetie se koms ’n groot krisis. Sy wil hom graag dood hê, want dit lyk of ek wel sy ma wil wees, maar nie hare nie. Ek dra hom rond, stap met hom, vertroetel hom en voer hom, want Joyce het mos dinge met haar onder beheer.

Ek moes bindingsterapie saam met Idalise ontvang en leer hoe om 'n koesterende mamma te word, en ek moes vir Idalise se onvervulde behoeftes aan vertroeteling en versorging opmaak. Ons het letterlik 'n verpleegtassie gehad vol salfies en roompies, “pilletjies” en pleistertjies, en ek moes soos 'n wafferse verpleegster kort-kort “einas” soek en verpleeg.

As ek meer versorgend was in die eerste twee jaar, sou dit nooit nodig gewees het nie! Ons moes ook speletjies speel om die mure tussen ons af te breek. Dit was mure wat ek nie doelbewus gebou het nie, maar wat sommer self opgeskiet het omdat daar 'n groot genoeg gaping tussen my en my dogtertjie was!

Ek het gedink as ek die speletjies wat die spelterapeut my geleer het, gereeld speel, en Idalise meer dikwels saam met my werk toe neem, dan gaan die probleem opgelos wees. Maar toe ek die praatjie oor verantwoordelikheid hoor, het ek skielik verstaan – sy wil nie net meer tyd saam met my hê nie. Sy wil ervaar dat ek vir haar verantwoordelik wil wees.

Dit word sigbaar in die *alledaagse sleurwerkies* van ouerskap – die opskep van kossies, die wegpak van klere, die afvee van taai handjies, die ruil van vuil doeke. En namate sy ouer word, in die toesig oor huiswerk, die aanry na aktiwiteite, die kontrole oor sosiale uitstappies en al die ander tydige en ontydige bemoeienisse.

Hierdie baie praktiese dingetjies is die bewyse van ons gewilligheid om verantwoordelikheid vir ons kinders te aanvaar. Dit is die basis vir onvoorwaardelike liefde.

Ons kinders verander ons lewens permanent. Die lewe soos ons dit geken het, is inderdaad verby! Ons kan nie aangaan soos voor hulle geboorte asof niks met ons gebeur het nie. Dit sou tragies wees, want hulle is 'n baie spesiale geskenk om ons lewens te verryk; nie 'n lastige ekstra om ons lewens te ontwig nie! Dit bring ons weer by die feit dat ons self groot moet wees as ons kinders wil grootmaak. As ons nog steeds die middelpunt van ons bestaan is, en steeds hoofsaaklik onself as “projek nommer een” beskou, is ons nie gereed om ouers te wees nie.

'n Jong meisie in Amerika het op die topverkoper *Watching out for Number One* gereageer met 'n boek getitel *How to be your own selfish pig*. Dit was

sarkastiese, maar gepaste kommentaar op 'n boek wat baie gewild is, maar wat beslis nie die ingesteldheid van 'n goeie ouer weerspieël nie! Ongelukkig is daar ouers wat die beginsels in sulke boeke uitleef terwyl hulle kinders probeer voorberei op volwassenheid! Ouerskap kan nie deelyds of terloops bedryf word terwyl ons eintlik ons eie pad loop nie.

Mense se laaste woorde is altyd insiggewend. Op 'n sterfbed kom 'n hele lewe skielik in fokus, en met die wyser terugblik sien die sterwende persoon sy prioriteite in 'n ander lig. Weet jy van iemand wie se sterwenswoorde iets was soos “Ek wens ek het minder tyd aan my kinders bestee, en eerder meer op my beroep gefokus”? Tog is dit wat ons elke dag doen – ons fokus op ander dinge ten koste van ons kinders.

Ons betaal ander mense om na hulle te kyk met die geld wat ons verdien terwyl hulle ver van ons af is. So kan 'n mens kinders hê, maar die gawes en genot van ouerskap heeltemal mis.

Ouerskap is juis propvol groeigeleenthede! Gekniel langs ons kinders, gekreukel van hulle skootsittery en taai van hulle sjokoladehandjies, kry ons 'n besondere kykie op die wêreld.

## **Hoe belangrik is 'n pa se verantwoordelikheid tuis?**

Ek het hier voorbeelde van ouerlike verantwoordelikheid gebruik wat gewoonlik Ma se werk is, maar ek wil darem duidelik sê dat Pa se betrokkenheid ewe onontbeerlik is. Pa kan nie altyd vir Ma roep wanneer die kinders behoeftes het nie.

Pa se lewe behoort ook ingrypend en permanent te verander. As Pa na die koms van kinders nog steeds dieselfde aantal ure per nag slaap, ewe lank op besigheid weggaan, ewe veel ure oortyd werk en ewe vinnig sy selfoon antwoord, het hy nie die aanpassings gemaak wat met die verantwoordelikheid van vaderskap gepaardgaan nie.

As 'n pa ook onvoorwaardelike liefde aan sy kinders wil wys, gaan hy soms sy Sondagkoerant moet neersit om met sy seuntjie te stoei, uit 'n vergadering moet loop om betyds by 'n balletkonsert te wees, en die gerieflike “Wat is fout met die kind?” verruil vir die ongemaklike vraag: “Wat moet ek dalk anders doen?”

Ouerskap behoort selfs aan Pa se sak te vat, ja! Een van die moeilikste keuses wat 'n ouer – veral 'n pa – kan maak, is om tevrede te wees met minder as 'n maksimum inkomste sodat hy meer beskikbaar vir sy kinders kan wees. Ons kinders kan doen sonder Nike-tekkies, maar nie sonder hulle pa nie.

Dit is vir my nogal opvallend dat Psalm 127:2 ons vermaan dat 'n mens jou tyd mors om jou van vroegdag tot saans af te sloof om 'n bestaan te maak, want dis die Here wat vir dié wat Hy liefhet selfs in hulle slaap voorsien (*Die Boodskap*).

Die volgende verse (verse 3-5) herinner ons daaraan dat ons kinders 'n kosbare geskenk is, 'n bron van vreugde in ons huis en 'n versekeringspolis vir ons toekoms. Ek glo nie dis toevallig so saamgegooi nie. Hierdie Psalm gebruik die beeld van 'n huis wat met of sonder die Here gebou kan word.

Ons moet oppas dat die manier waarop ons swoeg om ons huis te bou, nie die vreugde van ouerskap van ons wegneem nie. Ons moet ook oppas dat ons versuim om voluit ouers te wees, nie ons “huis” laat intuïemal nie.

Een van die hartseerste dinge is wanneer pa's nie net self verskriklik hard werk nie, maar ook van hulle vrouens verwag om die inkomste op te skuif sodat die lewenstandaard hemelhoog kan wees. Broodnood is iets heel anders as die behoefte aan 'n binnenshuise swembad en 'n gesogte adres langs die gholfbaan.

Dis wonderlik as 'n gesin dit alles kan bekostig terwyl hulle kinders steeds eerste kom. Dis ook te verstane dat twee inkomstes soms noodsaaklik is, of dat 'n ma soms die geaardheid het dat sy iets buite die huis moet doen om goed oor haarself te voel, maar hoe ons die detail hiervan uitwerk, kan 'n baie groot en blywende invloed op ons gesin en veral ons kinders hê.

Dit is 'n pa se verantwoordelikheid om hieroor te besluit, en met hierdie besluit die gesin se toekoms te bepaal.

# DEEL TWEE\_Elke boompie na sy aard

Persone wat outisties is maar oor 'n geniale vermoë in een veld beskik, word *outistiese savants* genoem. Tydens my spraakterapiestudies het ek te doen gekry met twee sulke kinders. Die een kon elke denkbare TV-program se kenwysie perfek neurie, gevolg deur die naam van die program en die tyd en kanaal waarop dit uitgesaai word. Die ander een kon teen 'n asemrowende spoed geboue in perfekte simmetrie teken sodat dit soos 'n argitek se tekeninge lyk.

Ek het ook gehoor van 'n ouer kind wat 'n magdom plante se biologiese name gememoriseer het, en nou foutloos 'n hele kwekery se plante kan identifiseer en benoem – hulle Afrikaanse naam gevolg deur die Latynse naam. Sy ouers het gehoop dat hierdie vaardigheid vir hom 'n werkie by 'n kwekery, en sodoende 'n funksionele plek in die samelewing kon beteken.

Ongelukkig kon hy weens sy outisme nie effektief met klante by die kwekery kommunikeer nie, en kon hy soms nie die drang weerstaan om net 'n reeks name te staan en opsê nie. Met al sy kennis kon hy nie eenvoudige toepassings maak, soos om 'n geharde grondbedekker aan te beveel nie. Hy kon dus nie die ongelooflike hoeveelheid inligting gebruik nie.

Ons kan geweldig baie oor kinders te wete kom. Ons kan leer van hulle normale ontwikkeling, mylpale, al die moontlike afwykings en die verskillende vorme van intelligensie. Waarom moet ons nou nog by al hierdie kennis ook 'n spul besonderhede oor hulle temperament tipe voeg?

## Hoekom moet ons ons eie en ons kinders se temperamentte verstaan?

Hierdie profieltoets en die meegaande handleiding, gaan vol “boomkennis” wees. Dis egter nie die idee dat jy dit memoriseer of kan opsê nie. Die illustrasie hierbo wil juis uitlig dat die kennis alleen niks werd is nie. Die doel is eerder om soveel inligting moontlik te gee oor die groot bome en

saailingetjies wat in jou gesin se kweekhuis staan, op so 'n manier dat jy dit van vandag af prakties kan toepas.

Mik dus daarvoor om die inligting te verstaan, die soorte “bome” voor jou te leer “sien” en die riglyne vir die buig van elkeen na die praktyk van jou eie gesin deur te trek.

Ek is oortuig dat die inligting in *Kweek kinders met karakter* waar en waardevol is en 'n groot verskil in jou begrip van jouself en jou kind gaan teweegbring. Dit sal baie van die “mis” uit die misterie van ouerskap laat verdwyn.

Al wat moeiliker is as om 'n jong boompie te buig, is om 'n hele tuin vol verskillende boompies te buig. Ouers met meer as een kind is verward wanneer hulle twee boompies dieselfde buig, en een spring maar weer terug terwyl die ander een geknak bly hang.

Dink maar aan twee kinders wat saam vir 'n stoutigheid gestraf word. Een weeklaag bedruk in sy kamer tot môreoggend en die ander kom oor vyf minute fluitend terug van die volgende episode kattedwaad.

Ons moet aanvaar dat daar iewers 'n wonderlike maar verwarrende ding gebeur tussen wat ons as ouers doen en wat ons jong boompies daarvan maak. Ons kry nie altyd die reaksie en resultaat wat ons verwag nie. Ons kry dikwels die omgekeerde. Soms kry ons tot ons verbasing iets heelwat beter! 'n Deel van hierdie misterie is beslis die feit dat temperament – ons en ons kinders s'n – 'n baie groter rol in die dinamiek van ouerskap speel as wat baie opvoedkundiges wil toegee.

Wanneer ouers nie hulle eie temperament en die temperamente van hulle kinders verstaan nie, is ouerskap verwarrend en frustrerend. Wanneer ons mekaar verwar, verkeerd opvryf en onsensitief is vir mekaar se behoeftes, het ons mos nie maklik 'n goeie verhouding nie. En gebeur hierdie dinge nie juis wanneer ons nie kan uitwerk hoe die ander persoon se kop werk nie?

Wanneer ons nie ons kind se temperament verstaan nie, is dit baie moeilik om te weet hoe om dissipline te benader. In ons kind se temperament is leidrade ingeskryf oor hoeveel, wanneer en hoe daardie boompie gebuig moet word.

As ek byvoorbeeld leer dat my kind se temperament haar besonder vatbaar



vir kritiek maak, gaan ek weet om nie van kritiese prekery gebruik te maak as 'n dissiplinemaatreël nie, omdat dit meer as enige iets anders dalk my boompie kan knak.

As ek ontdek my kind se temperament vereis 'n baie sterk hand, gaan ek met meer ywer aan my boompie buig sodat ek nie sy respek verloor nie.

## 'n Wetenskaplike grondslag vir temperament

Freud het geglo 'n mens is net die produk van sosialisering, en jy kan daarom enige iemand word afhangend van hoe jy hanteer word. Selfs geslagtelikheid sou afhanklik wees van of die kind as seun of dogter grootgemaak word. As dit waar is, beteken dit dat temperamentverskille die resultaat sou wees van hoe ons ons kinders hanteer. Ek dink kinders sou dan heelwat meer na hulle ouers geard en ons baie selde met die hande in die hare gelaat het!

Hierteenoor het ander kundiges beweer die mens se wese en persoonlikheid is eintlik die produk van twee aspekte, die *aangebore* en die *aangeleerde*. Party noem dit natuur en kultuur of die biologie en die omgewing. Hulle erken dat mense met 'n basiese persoonlikheid, temperament, aanlegte en belangstellings gebore word, maar dat hierdie aangebore aspekte baie verander kan word deur wat die gemeenskap en kultuur waarin hulle grootword hierdie mense leer.

Hipokrates het omtrent 450 vC in die geheim kadawers gedissekteer, op soek na die verklaring vir mense se uiteenlopende nukke en giere. Hy het hulle bloed, geel gal, swart gal en slym ondersoek, en toe vier soorte mense na hierdie vier liggaamsvloei-stowwe vernoem. Hy het geglo dat verhoogde vlakke van hierdie vloei-stowwe die uiteenlopende geardhede veroorsaak.

Die passievolle mens-mense was glo so impulsief en joviaal as gevolg van die baie bloed (vandaar die term *sanguinies*). Die gedrewe leiers was volgens hom so kompetierend en produktief (*choleries*) as gevolg van hulle baie geel gal. Dié met die baie swart gal was perfeksioniste met 'n oog vir detail en ook dikwels swarmoedig (dit is waar ons woorde *swartgallig* en *melancholies* vandaan kom).

Die vierde groep is die stabiele introverte, die rustige denkers. Hulle was glo so *flegmaties* as gevolg van die baie slym in hulle liggame. Ons weet nou

vir seker dat die liggaamsvloeistowwe niks daarmee te make het nie, maar dat die geaardhede van mense wel onteenseglik verskil.

Temperament is die aangebore geneigdheid om op 'n bepaalde manier te ontwikkel. Dit bepaal onder andere die persoon se waarskynlike gerigtheid op mense of take, sy of haar ontplooiing as introvert of ekstrovert, pessimis of optimis, denker of prater, toeskouer of deelnemer, leier of volgeling, enkelloper of groep-mens, agent van verandering of verdediger van die *status quo*, bakleier of vredemaker en selfs elkeen se hantering van stres en perspektief op sukses!

Ouers met meer as een kind kan getuig dat hulle kinders van voor geboorte reeds verskil het – een was woelig, die ander rustig. As babas was die een gulsig en vinnig, die ander lui en tevrede. As kleuters was die een 'n skreeubalie en die ander een 'n kermkous. As tieners was die een 'n huishen en die ander een die middelpunt van elke *jol*.

## Hoe diep gewortel is temperament?

Indien 'n mens temperament sou ignoreer, en alle kinders eenders hanteer, sal hulle almal soortgelyke aangeleerde gedrag vertoon. Dit wat spontaan is in die kinders se geaardhede sal nogtans baie verskil.

Dalk is almal ewe netjies, maar die eerste groep kry dit reg deur boeties en sussies om te koop om te help opruim; die tweede groep vind oorspronklike maniere om vuil klere en speelgoed weg te steek. Die derde groep bêre alles perfek op die regte plek en die vierde groep hou alles uit die staanspoor netjies sodat die opruimery altyd maklik en eenvoudig is. Hoe elke kind dus by die ouer se verwagting uitkom, gaan aanhou verskil.

Ons as ouers kan kinders se natuurlike aard probeer buig deur 'n lawwe nar in 'n ernstige student te verander, of 'n skaam muurblommetjie in 'n hoofmeisie, maar die kinders onthou onbewustelik wie hulle werklik is. Daardie basiese geaardheid steek weer kop uit – veral wanneer die kinders in die warm water beland!

Hieronder is twee illustrasies van die onveranderlikheid van temperament. Wanneer ons dit lees, besef ons hoe nodig dit is om die temperament van ons kinders te ken en te koester. Dit illustreer ook hoe ons eie temperament ons

kan pootjie deurdat ons aanneem dat ons kinders soos ons moet wees.

## **Illustrasie 1**

Ons – twee vredeliewende mense – lig die babakomersie op, en daar lê ’n besige, kwaai, eiewillige dogtertjie. Ons skrik en bekommer. Ons kry haar egter baie goed onder beheer met dissipline en miskien medikasie en terapie, en is baie tevrede met die vorm van ons nuwe rustige, vriendelike, tevrede boompie.

Wanneer sy die huis verlaat en onder ons duime uit is, spring sy terug na haar oorspronklike eiewillige vorm – dorings en al – en ons kan nie verstaan waarom nie. Omdat ons die wese van hierdie boompie misgekyk het, het ons haar so gebuig dat sy nou net haar oorspronklike swakhede oor het en ’n paar aangeleerde sterk punte wat nie eers werklik “sy” is nie!

As ons haar geaardheid verstaan het, die positiewe daarvan uitgebou het, en die negatiewe met deernis verbeter het, dan was die uitkoms ’n afgeronde, unieke karakter.

Haar besige natuur het dan bes moontlik ontwikkel in produktiwiteit en veelsydigheid, haar kwaaiheid in deursettingsvermoë en gesonde kompetisiegees en haar eiewilligheid in kreatiewe leierskap. Wie weet?

## **Illustrasie 2**

Ons – twee gedrewe toppresterders – lig die kombersie op, en daar lê ’n verlepte bondeltjie vrede. Ons kan nie glo hoeveel hy slaap nie! Hy loop te stadig. Hy stel nie genoeg in sy omgewing belang nie. Ons kry uiteindelik die mannetjie met ’n ferm skoot druk en dreigemente aan die gang deur hom vir al wat buitemuurse aktiwiteit is in te skryf. Hy kla alles is vervelig en raak pateties wanneer ons ’n bietjie druk uitoefen.

Uiteindelik wil hy net skaak speel nadat ons hom bulletjierugby, swemlesse, dramaklassies, gimnastiek en ekstra Engelse klasse laat neem het. Is die kind dan in niks opwindends geïnteresseerd nie? Ons is baie verbaas dat hy nie onder die top tien in sy klas wil wees nie. Hoe kan ’n mens ooit met ’n C-simbool tevrede wees?

As ons maar geweet het wat daardie slaperigheid en tevredenheid beteken het, sou ons beseef het hierdie seun van ons gaan nie baie passies in die lewe hê nie. Ons sou minder tyd en geld gemors het op al die aktiwiteite wat vir ons sinvol gelyk het, en eerder probeer vasstel het waar ons kind se enkele belangstellings lê.

Ons sou geweet het hoe verlamrend die uitwerking van ons druk op hom was. Ons sou ontdek het dat hy op een ding kan fokus en daarin kan uitstyg. Wie weet waar hy in die lewe sou gekom het as ons geleer het om hom daarin te ondersteun?

## 'n Bybelse grondslag vir temperament

In die Ou en Nuwe Testament vind ons dat die Here geboortes aankondig, en die naam en roeping (*derek*) gelyktydig vir ouers gee sodat hulle met Hom kan saamwerk in die vorming van die kinders vir hulle unieke skeppingsdoel. Dit was nie ongewoon vir ouers om vooraf instruksies te kry oor hoe om hulle kind uniek daarvolgens groot te maak nie.

In die geboorteverhaal van Simson in Rigters 13 lees ons dat die Engel van die Here voor die geboorte aan Simson se ma in besonderhede instruksies gee oor haar en Simson se dieet en sy hare en ook oor sy skeppingsdoel: Hy sal die Israëliete begin red uit die mag van die Filistyne (vers 5b). Vers 8 vertel ons: Toe het Manoag tot die Here gebid: *“Here, laat die man van God vir wie U gestuur het, asseblief weer na ons toe kom dat hy ons kan leer wat ons moet doen met die kind wat gebore sal word.”* Dit lyk vir my Simson se pa wil graag eerstehands instruksies hê – hy begeer ook ’n handleiding! In vers 12 vra Manoag: *“Wanneer U belofte waar word, hoe moet die kind hom dan gedra en wat moet hy doen?”* Dit lyk nie asof daar in Manoag se dae ’n kortlysie vir gepaste gedrag in omloop was nie! Hy gaan ’n unieke kind met ’n unieke roeping hê, en hy wil reg doen. Hoekom moet ons met minder tevrede wees?

Ons sien weer hierdie spesifieke instruksies en openbaring van Johannes die Doper se lewensdoel wanneer Gabriël vir Sagaria die roeping, persoonlikheid, naam en prestasies van sy seun voorgeboortelik bekend maak (Lukas 1:13-18). Toe Johannes se naamgewing die mense so verbaas omdat daar niemand met dié naam in sy familie was nie, was die mense se reaksie

opvallend: *Almal wat dit gehoor het, het daaroor nagedink, en gevra: “Wat sal hierdie kindjie eendag word?” Dit was duidelik dat die Here by hom was (Lukas 1:66b).*

Ons kan nie deur uiterlik aan ons boompie te buig en peuter die aard en binnekant verander nie. Ons gaan nie ’n Simson kry wanneer ons ons seun se hare laat groei nie. Sprinkaan- en heuningtoebroodjies gaan ook nie ’n tweede Johannes die Doper oplewer nie.

Ons kan nie ons kind se lewenskoers verander nie! Ons kan dit wel vir ons kinders baie moeiliker of makliker maak om hulle lewenskoers te vind. Ons kan nie hulle inherente karakter verander nie, maar ons kan die ontwikkeling van hulle sigbare karakter belemmer.

In die handleiding gaan ons in fyner besonderhede kyk hoe die Here self sy verskillende kinders verskillend hanteer na gelang van hulle geaardhede. Ons kan baie uit hierdie voorbeelde leer, en daaruit ook die Bybelse mandaat sien om ons hantering van ons kinders aan te pas by hulle individuele aard.

## Die Wat, die Hoe, die Waarheen en die Waarom van ouerskap

Spreuke 22:6 verdien ’n nadere kykie, want die WAT, die HOE, die WAARHEEN en die WAAROM van ouerskap en dissipline is hierin opgesluit: *Oefen die seun volgens die eis van sy weg en selfs wanneer hy oud is, sal hy daar nie van afwyk nie (Afrikaanse Vertaling, 1953).*

### **WAT? Oefen die seun ...**

Wat behels ouerskap? Die frase “oefen jou kind” is presies wat ouerskap beteken. Ons opdrag is nie om ons kind te beheer nie, maar eerder om ons kind deur oefening gereed te maak vir die volwasse lewe.

Dit is die *WAT* van ouerskap. Dit verklap reeds dat ouerskap harde werk gaan wees. Ons gaan baie oefentye saam met ons kind moet deurwerk. Agter elke atleet wat hard oefen, is daar die afrigter wat die oefeninge skeduleer, beplan en deursien. Die tekkies, sweetpak, fluitjie en pet is nie vir die skyn nie – afrigting is harde werk! En so moet daar agter elke kind ’n toegewyde ouer wees, wat bereid is om te sweet.

Dit beteken dat ons *geleenthede moet skep* waarin ons kinders alles van tafelmaniere tot verantwoordelike besteding van geld deur *oefening* kan leer. Net soos met 'n atleet gaan ons die oefeninge so kies dat dit ons kind uitdaag, maar nie moedeloos maak nie.

## **HOE? ... volgens die eis van sy weg ...**

Die frase “volgens die eis van sy weg” is ons metode. Ons moet ons kinders “oefen” volgens 'n goedbeplande oefenprogram. Die eienskappe van so 'n oefenprogram is onder andere dat ons die regte spiere en vaardighede oefen, afhangend van die eise van die sport.

Ons moet ook harder werk aan die swakhede terwyl ons die sterk punte van ons “atleet” optimaal ontwikkel. Dit help min ons oefen 'n toekomstige verspringer deur net handgewigte in die gimnasium op en af te tel. Dit is tog nie “die eis van sy weg” nie! Ons moet by spoed en spierkrag in die onderlyf begin.

As ons 'n kind het wat moeilik stilsit, en baie uitdagings nodig het, help dit min ons span ons dreigemente in om van hom 'n rustige bloedjie te maak wat dwarsdeur 'n kerkdiens tevrede is om die rye bakstene in die kerk se muur oor en oor te tel.

As ons verstaan wat “die eis van sy weg” is, sal ons weet wat hy nodiger het as hierdie soort stilsitdissipline. Ons sal ook weet hoe om hom beter te motiveer as deur dreigemente. Ons sal hom reeds die Saterdaggaand meer as een ding laat kies waarmee hy, sonder om ander te steur, homself in die kerk kan besig hou. Of ons sal hom aan kinderkerk laat deelneem.

## **WAARHEEN?**

Ons moet weet wat ons kind se temperament is, ons kind se innerlike ontwerp en rigting, want daarin is die leidrade oor ons kind se skeppingsdoel opgesluit. Ons kan ons kinders net in die regte lewensrigting neem as ons weet wat hul natuurlike, aangebore koers is. Min van ons weet dit voor hulle geboorte, en selfs in hulle kleuterjare mag dit soms nog duister wees.

As ons egter oplet, gaan ons binnekort 'n naby raaskoot kan waag. So werk ons met die Here saam in die begeleiding van ons kinders na die vervulling

van hulle lewensdoel, want daarsonder gaan hulle nie gelukkig wees nie.

Kinders se temperament dui vir ons kort voor lank aan waarheen hulle op pad is. Party is op pad na baanbrekerswerk wat tot nou toe ongekende terreine van die wetenskap is (verklik deur hulle onversadigbare ontdekkingsdrang, waagmoed en eksperimentele nuuskierigheid), ander na volgelingskap of diensberoepe (gesien aan hulle deernis vir mense, versorgende optrede en gewillige samewerking). Sommiges is op pad na leierskapposisies (soos ons reeds kan sien aan hulle konstante strewe na beheer en hulle invloed op ander) en ander gaan toeskouers wees wat selde op die speelveld van die lewe uitdraf.

Ons hou nie noodwendig van die rigting waarin ons kind beweeg nie, maar ons taak is nie om daardie rigting namens ons kind te kies nie. Ons moenie die invloed van ons eie verwysingsraamwerk onderskat nie. Dit kan ons heeltemal blind maak vir die waarde van ons kind se lewensdoel wanneer dit baie van ons eie verskil!

Ons neem ons kinders in die eerste plek na die beste van ons vermoë na Jesus toe, soos Hy ons beveel. En daarvandaan begelei en ondersteun ons hulle op pad na die plek wat die Here mettertyd aan ons en hulle sal openbaar.

Die eerste aanduiding van hierdie “plek” kan ons al in die babawiegjie sien. Die outjie wat so verbete teen die slaap veg, gaan eendag lang nagte deur werk! Die ander enetjie wat so lank na een voorwerp kan staar, gaan eendag deur intense studie in een veld uitstyg. Elkeen gaan ’n unieke karakter hê volgens hierdie lewensdoel. Dit is wat ons as ouers moet help kweek.

## **WAAROM? ... en selfs wanneer hy groot is, sal hy daar nie van afwyk nie.**

Hoe verloor mense hulle koers in die lewe? Onthou dat hierdie Skrifgedeelte nie praat van die koers hemel toe nie. Dit praat van die koers waarvoor daar van voor geboorte af rigtingwysers in jou kind ingeplant is. Mense verloor hulle koers deurdat die rigtingwysers genoeg geïgnoreer word. Mense verloor só nie net hulle koers nie, maar dikwels hulle identiteit, hulle lewenslus, hulle geloof in die sin van die lewe en al hulle lewensvreugde.

Gaan steek maar kers op by die sielkundiges en beraders wat dan die lig in die tunnel moet probeer aansteek. Hulle gaan amper deur die bank vertel van mense wat gebuig is om iets anders te wees as wat hulle gebore is om te wees. Vervormde, verminkte bome, wat dikwels geen idee het waarheen hulle op pad is, wil wees of moes wees nie.

Gestel alles in jou kind wys dat hy 'n kunstenaar-dromer is. Van kleins af eksperimenteer hy met verf en skêre, penne en moddersmeersels. Oral in die kantlyne van sy skoolboeke is sketsies. Hy meng in wanneer Ma die kleurskema van die sitkamer verander. Jy dink: Niemand kom met prentjies teken en droom ver nie. Jy ignoreer die pleidooie vir kunsklasse, en koop rekenaars vir Kersfees eerder as die stelle olieverf wat boaan elke jaar se wenslysie is ...

Iewers in sy tweede studiejaar aan die Departement Siviele Ingenieurswese knak jou kind, en jy is verslae. Wat het gebeur? Jou boompie is te ver in die verkeerde rigting gebuig, en nou is dit geknak. Die lewensap kan nie meer deur die verdraaide stam vloei nie. Daardie kind gaan in sy wese sterf as daar nie reg en vinnig opgetree word nie.

Die antwoord kan so eenvoudig wees soos om 'n wit doek teen sy muur op te hang, 'n kwas in sy hand te stop, en die pak ingenieursweseboeke by die tweedehandse boekwinkel te gaan inruil vir boeke oor die meesters van die Impressionisme. Of die pad terug na sy ingebore lewensrigting kan lank en moeilik wees.

Maar, selfs al kan jou kind sy rigting terugvind, is die hartseer ding dat hy nou tien tree agter is op die pad wat hy moes gestap het. Hy sal waarskynlik nie 'n ingenieur word nie, maar ongelukkig ook nie 'n uitbinker in kuns nie. Het hy as jong kind ondersteuning en ontwikkelingsgeleentheid vir sy kunstalente gehad, was die prentjie sekerlik anders!

Ouers probeer hulle bes. Ons knak en vervorm natuurlik nie aspris ons boompies nie! Baie ouers glo 'n mens kan net boompies knak deur hulle te swaar te straf. Ek glo dit gebeur op baie verskillende maniere, wanneer ons ook al deur ons optrede – wat onredelike straf kan insluit – die wese van ons kind ontken of probeer verander. Ons doen dit ongelukkig soms onwetend omdat ons 'n ideale prentjie in gedagte het.



Ons dink daar is iets soos die perfekte boom. My perfekte boom is ’n eikeboom – ek hou van die vorm, die bas, die blare, die soliede skaduwee in die somer, die bruine in die herfs en die grond van Stellenbosch waarin hy staan ... Ek het ongelukkig ook spesifieke idees oor die “perfekte kind”, “perfekte vrou” en “perfekte man”.

Kinders verloor natuurlik nie net hulle koers deur verkeerde loopbane te kies nie, maar ook deur die lewenspad moreel byster te raak. Ons het dalk geleer dat ons dogter se temperament haar vatbaar maak vir seksuele en ander eksperimentering, en ons het hard aan haar weerbaarheid teen groepsdruk gewerk. Ons het seker gemaak sy ervaar die gevolge van verkeerde keuses sodat sy die langtermyngevolge van haar optrede kan leer insien. Ons het haar kleredrag, vriendekring en uitblytye ekstra versigtig dopgehou.

Of dalk het ons ’n kind wat na aanleiding van sy temperamentstipe geneig is om die waarheid te verdraai om sy beeld in ander se oë so perfek moontlik te hou. Ons het klem gelê op die waarheid en hom vir eerlikheid beloon. Ons het geleenthede geskep waarin hy die waarde van integriteit kon ervaar, en hom konsekwent laat teruggaan en die waarheid laat vertel waar ons hom met leuens betrap het.

Ons het hom die gevolge van vertrouenskending laat beleef sowel as die vryheid wat betroubaarheid vir ’n mens in die sak bring. So het ons ons kinders weerbaar gemaak teen die spesifieke aanloklike afdraaipaadjies wat vir hulle die grootste gevaar nhou.

Die ideale uitkoms van ouerskap is dus soveel meer as om ’n kind te leer om ons as ouers gedweë te volg. Die doel is eerder om ’n kind wat haar Godegewe paadjie volg op haar eie koers na haar eie bestemming te begelei.

Die Here se doel met ons en ons kinders is tog dat ons Hom sal volg. As ons ons kinders saamsleep na waar ons is, sleep ons hulle dalk van die wal in die sloot. Hulle paadjie moet anders lyk as ons s’n, want God kloon nie mense nie. ’n Nadere kykie na ons en ons kinders se temperament gaan ons geweldig baie hiermee help.

## Die Boomsoortprofiel

Daar is heelwat temperamentprofiel wat vandag vir alles van spanbou,

huwelikskursusse, sielkundige evaluasie tot beroepsplasing gebruik word. Party word *persoonlike stylprofiele* genoem. Party is verfyn en gesofistikeerd en onderskei soveel as sestien temperamentstipes. 'n Baie gewilde instrument deesdae is die *Myers-Briggs Type Indicator (MBTI)*.

Die *DISC*-profiel word ook wyd gebruik. Die aantal groeperings en die aantal instrumente sal net al hoe meer word, maar ons sal nooit die wese van die individu so stewig kan vasvat dat ons 'n 100% akkurate etiket om sy nek kan hang nie. Dit is dus nie met die *Boomsoortprofiel* die doel nie.

Ek het my *boomsoortprofiel* losweg op die viervoudige indeling van Hipokrates baseer omdat dit deur die eeue nagevors is, omdat daar baie literatuur daaroor bestaan en omdat baie bestaande profiele in beginsel daarmee ooreenstem. Ek het ook wyer gelees oor persoonlikheid, gedrag en leerstyle omdat dit van die sigbare uitvloeisels van temperament is. Die boomsoortprofiel gebruik dus eintlik nie net temperamentseienskappe nie, maar ook gedragseienskappe om uiteindelik vier gedetailleerde “boomsoorte” te identifiseer.

Ek het vier boomsoorte gekies – 'n palmboom, 'n roosboom, 'n sierboom (snoeiboom of *lollipop*) en 'n denneboom – omdat bome spreek van lewe, groei, potensiaal en skoonheid.

Roosbome kom in duisende variasies voor, so ook palmbome, sierbome en dennebome. Ek het dit so gekies omdat ek graag wil erken dat ons en ons kinders uniek en verrassend uiteenlopend kan wees, en selfs baie kan verskil van die ander mense onder dieselfde sambreelnaam.

Twee palmbome kan soos dag en nag verskil. Die een kan die een helfte van die palmboomeienskappe vertoon en die ander een die ander helfte, en so albei oortuigend palmbome wees maar steeds totaal verskillende persoonlikhede hê.

Soos die diere in *Animal Farm* wil mense soms oor temperamentstipes sê: “Ons is almal gelyk, maar party is meer gelyk as ander.” Wanneer ons met temperamentsprofiele werk, is daar geen ideale profiel nie. Ek stem dus nie met die boeke saam wat ons aanmoedig om te strewe na die “middelpunt” nie.

Ek stem saam dat ons almal ons swak punte na die kruis moet bring sodat

Jesus se karakter in ons meer kan word. Maar om soveel moontlik sterk punte uit ander mense se temperamente te probeer aanplak by ons eie, maak ons moeg, breek ons moed en gaan teen ons natuur in. Dis eenvoudig onnodig wanneer ons glo dat die Here in ons elkeen die unieke potensiaal vir vervulling van ons skeppingsdoel geplaas het. Hy verander ons deur sy Gees soos Hy goeddink deur ons lewenspaadjie met die regte vormingsgeleenthede op te kikker! Dan leer ons nie noodwendig wat ons wou nie, maar wat die Here nodig ag. Heiligmaking soos die Here dit deur sy Gees in ons uitwerk, is nie gelykmaking nie. Dit is die proses om ons vir 'n spesiale doel af te sonder.

Ons sal later sien dat selfs 'n eensydige profiel voordele kan hê! Om weer terug te kom by my voorbeeld van die atlete: Ons kan nie dieselfde liggaamsbou vir 'n verspringer en 'n gewigstoter ten doel hê nie.

Die ideale temperament vir elke mens is die temperament wat sy skeppingsdoel die beste pas! En dit hoef ons deur die genade nie te ontwerp nie – ons het dit as 'n geskenk ontvang. Ons moet net toesien dat daardie aangebore temperament uiting vind in opregte karakter – in onself en in ons jong boompies!

# DEEL DRIE\_Ken jou saailing; ken jouself

Geen tegniek, strategie of profiel kan 'n mens help om 'n kind te dissiplineer as 'n mens se hart nie by jou kind is nie. Kinders moet een honderd persent oortuig wees van hulle ouers se onvoorwaardelike toewyding en liefde, anders word hulle gedrag so problematies dat geen dissipline – hoe gepas of slim ook al – die gewenste uitwerking sal hê nie.

Liefde is 'n gelukkige gesin se melodie, en dissipline is die harmonie. Saam maak dit mooi musiek. As dissipline nie uit 'n basis van liefdevolle toewyding spruit nie, sal die musiek vals wees.

## Die doel van die profiel

Voordat ons die boomsoortprofiel van ons kinders en onself voltooi, moet ons net weer die doel daarvan onthou. Ons wil beter verstaan sodat ons ons boompies beter kan buig. Die agtergrond help ons met perspektief. Perspektief is waaroor dit trouens gaan.

Ons wil in ons kinders se koppe kan “rondkyk” en iets leer verstaan van die wêreld soos hulle dit beleef. Ons wil ook sien hoe ander volwassenes – veral ons lewensmaats – se koppe werk!

'n Jong Amerikaanse tiener het eenmaal aan sy ongeïnteresseerde onderwyser gesê: “There ain't nobody who can teach me who don't know me and won't learn me.” Kinders kan aanvoel wanneer ons nie regtig wil luister, kyk of verstaan nie.

Wanneer jy die profiel vir elkeen van jou kinders en vir jouself voltooi het, is die volgende stap om die handleiding oor elke boomsoort deur te lees, en dan die hoofstuk vir die boomsoort te lees waarna jy en jou kind die meeste aard. Dit is goed om maar al die boomsoorte te leer ken, want soms sien ons ons kind vanuit ons eie raamwerk. Dis juis waarom ons ons eie profiel ook moet bepaal!

'n Stadige kind lyk byvoorbeeld vir 'n oorhaastige ouer ekstra stadig, en 'n ouer met 'n sterk wil sal enige weerstand van sy kind waarskynlik intens beleef, en die arme sieletjie dalk heeltemal te veel “punte” vir hardkoppigheid gee.

Soms ontwikkel ons kind se geaardheid stadig of ons is stadig om ons kind goed te leer ken. In albei gevalle is dit dus ook van waarde om maar al vier die boompies se storie goed te leer ken.

## Die verantwoordelike hantering van 'n profiel

Wees asseblief versigtig op die volgende maniere:

- Moenie vooraf besluit watter boom jy en jou kind is nie. Ignoreer eers die opskrifte.
- Moenie ontsteld raak as jy baie negatiewe eienskappe merk nie. Dit is makliker om swakhede as sterk punte te identifiseer, en profiele wat “negatief” benader word, is altyd meer akkuraat as dié waarin sterk punte beklemtoon word. Die rede daarvoor is dat ons in 'n profiel baiekeer ook die positiewe eienskappe merk wat ons graag wil sien, en nie net dié wat inderdaad daar is nie!
- Kontroleer jou profielresultaat met nog 'n volwassene wat jou en jou kinders goed ken. Neem die gemiddelde van julle resultate – dis meer akkuraat as 'n eensydige telling.
- Moenie vashaak by jou kind se prominente temperament tipe, en dan vergeet van die unieke mengsel van karaktereieenskappe wat addisioneel by jou boompie se samestelling gevoeg is nie! Hou aan om oopoor na jou kind te kyk, en oopoor te luister.
- Herhaal die profiel elke paar maande of ten minste jaarliks. Die kind “verander” dikwels omdat jy ander eienskappe begin opmerk, en hopelik ná die lees van hierdie meegaande handleiding baie fyner en met meer belangstelling na jou kind gaan kyk. Jy “verander” ook na gelang van die rol wat jy vertolk en die lewensfeer waarin jy jou bevind.

- Pasop vir die etiket. Jou kind hou dalk nie daarvan wanneer jy haar 'n “roosboom” noem nie. Hou maar net die etiket vir jouself in jou agterkop.
- Onthou dat die riglyne wat in die handleiding volg, net dit is – riglyne. Dit help ons wanneer ons instink, wysheid, aanvoeling en insig te kort skiet. Dit moet nooit ons spontane ouerskap vervang nie. Dis die “handleiding” wat ons veral gaan nodig kry wanneer ons spesifieke “modelletjie” onklaar raak of wanneer een van die “funksies” pla!
- Daar is 'n magdom eienskappe wat nie in die profiel verskyn nie. Enige profiel is 'n seleksie van eienskappe wat veronderstel is om verteenwoordigend en sentraal te wees, maar omdat dit nooit volledig kan wees nie, is dit moontlik om 'n onakkurate beeld te kry. Hierdie profiel is getoets, aangepas, getoets en weer aangepas totdat 'n hoë korrelasie tussen die profieluitslag en ouers se geoefende persepsie van hulleself en hulle kinders verkry is.
- As die punte jou kind egter byvoorbeeld as 'n sierboompie klassifiseer, maar dit “voel” nie vir jou reg nie, is daar dalk 'n rare wanpassing tussen die profiel se spesifieke kombinasie van kerneienskappe en jou kind se kombinasie van primêre karaktereienskappe. Moet dan nie slaafs die handleiding vir 'n sierboompie navolg nie. Lees eerder al die boompies s'n om jou prentjie te verbreed, totdat jy voel jy het 'n greep op wie jou kind is, en wat sy nodig het.
- 'n Profiel soos hieronder is 'n linkerbreinding. Daarmee bedoel ek dat dit analities en kripties is. Dit beskryf losstaande elemente van 'n mens se geaardheid in plaas daarvan om 'n geheelbeeld te skep. Sommige ouers wat meer regterbrein-georiënteerd is, vind dit verskriklik moeilik om kort frases met hulle kinders of hulleself te assosieer.

Dit kan wees dat die illustrasies van Belinda, Herman, Dorette en Luan aan die begin van die hoofstukke 1, 4, 7 en 10 vir hulle meer leidrade gaan gee, of dat hulle uit die lees van die handleidings gaan ontdek wie hulle kinders is. Die uitgebreide besprekings van die volwasse bome kan dalk ook meer lig op hulle eie temperament werp as wat die profiel alleen doen. **Die profiel is asseblief nie die alfa en omega nie!**

# Die Boomsoortprofiel vir kinders

Merk elke eienskap wat STERK in jou kind na vore gekom het van babajare af, en die eienskappe wat steeds prominent is. Al is jou kind reeds 'n tiener, moet jy by die babaprofiel begin. (Gebruik 'n voorletter om die eienskappe aan te dui as jy meer as een kind het.) Merk hierdie prominente eienskappe by al vier die “boompies” se *a*- en *b*-gedeeltes.

## **Palmboom Totaal:** \_\_\_\_\_

### **VAN GEBOORTE TOT 2 JAAR**

a. het helder, wakker ogies  
reageer op mense  
word vrolik wakker  
is vol grappies en laggies  
maak baie geluidjies, en praat vroeg  
skrik nie vir vreemdelinge nie  
raak baie opgewonde

b. land gereeld in die moeilikheid  
huil wanneer ouers wegloop  
skakel moeilik by roetine in  
weet hy of sy is oulik  
beweeg aanmekaar  
kan nie alleen speel nie  
sukkel om te gaan slaap

### **VAN 3 JAAR TOT VOOR TIENERJARE**

a. gee baie drukkie en soene  
is waaghalsig  
is entoesiasties en vrolik  
is pretliewend  
word gou vrolik na trane

fantaseer, trek aan en speel toneel  
is mal oor maatjies  
het baie belangstellings en aktiwiteite  
geniet lawwe geluide en ongelukke

b. maak nie werkies klaar nie  
vergeet en verloor besittings  
het 'n kort, swak aandagspan  
kan nie beurte afwag nie  
raak met tye ooremosioneel  
wil aanmekaar erkenning hê  
vertel wolhaarstories  
eet gulsig, vinnig en slordig  
leer maklik vloekwoorde aan

### **TIENERJARE**

a. is die populêre kind  
kan almal oorhaal na sy/haar kant toe  
is mal oor uitdagings (*dares*)  
is kleurvol of kreatief met voorkoms  
werk vir goedkeuring en lof  
vra maklik om verskoning  
het verrassende idees  
bestee baie tyd buite die huis  
ondersteun en moedig ander aan

b. manipuleer, jok of mislei  
gee in onder groepsdruk  
doen lawwe dinge vir aandag  
tree onvolwasse op  
is vol verskonings oor foute  
neem nie pligte ernstig op nie  
vermy skoolwerk of rammel dit af  
leer maklik slegte gewoontes aan  
luister nie – wil alles self uittoets



## **Roosboom Totaal: \_\_\_\_\_**

### **VAN GEBOORTE TOT 2 JAAR**

a. lyk vasberade

wil vroeg kruip, staan en loop

is vol energie

is waaghalsig – het geen vrees nie

probeer take self bemeester

verken die wêreld aktief

hou meer van ouer kinders

b. het 'n baie sterk wil

is veeleisend of kwaai

skree lank, veral voor slaaptyd

gooi, skop of breek graag goed

het woede-uitbarstings voor 2 jaar

slaap minder as ander babas

het uitgesproke voorkeure en afkeure

### **VAN 3 JAAR TOT VOOR TIENERJARE**

a. is 'n gebore leiertjie

is bang vir niks en niemand nie

“werk” vinnig

hou van speletjies en kompetisies

is rats en aktief

lyk selfversekerd

is vroeg onafhanklik

druk deur, maak klaar

geniet dit om te help

b. probeer ouers beheer

het intense uitbarstings

knou maatjies af

wil nie hulp hê nie

toets alle grense

baklei en stry graag  
is hardkoppig en uitdagend  
weier om “nee” te aanvaar  
luister nie na ander nie

### **TIENERJARE**

a. is hardwerkend en betyds  
is goed met organisasie  
het “volgeling” eerder as vriende  
los probleme goed en vinnig op  
het ’n goeie selfbeeld  
hanteer krisisse goed  
word dikwels as leier gekies  
is verantwoordelik en getrou  
doen alles na sy/haar beste vermoë

b. is onsensitief teenoor ander  
kan te oordonderend wees  
is beterrweterig  
is beledigend of aggressief  
is krities en veroordelend  
erken moeilik skuld  
blameer ander vir eie foute  
gebruik ander vir eie gewin  
is ondankbaar en arrogant

**Sierboom Totaal:** \_\_\_\_\_

### **VAN GEBOORTE TOT 2 JAAR**

a. is ernstig en stil  
is versigtig  
is ’n rustige baba  
hou van roetine  
is selde stout, gedra hom/haar goed  
voel grense self aan

kan alleen gaan slaap

b. skrik vir vreemdes  
lyk dikwels hartseer  
is sensitief, selfs pieperig  
het erge skeidingsangs  
huil en kerm baie  
is skaam en skugter  
is vol femies

### **VAN 3 JAAR TOT VOOR TIENERJARE**

a. raak verlore in eie gedagtes  
stel belang in kuns of musiek  
het vir lank een beste maatjie  
hou van struktuur en reëls  
is perfeksionisties, noukeurig  
is emosioneel kompleks en intens  
wil eerder binne as buite speel  
neem skoolwerk baie ernstig op  
leer vinnig wat verwag word

b. is buierig of selfbejammerend  
kerm en neul lank aaneen  
neem alles persoonlik op  
raak emosioneel oor konflik  
raak gou moedeloos  
is oormatig selfbewus  
raak dikwels gespanne  
smag na goedkeuring  
gee op wanneer hy/sy sukkel

### **TIENERJARE**

a. presteer op skool  
is kunssinnig en kreatief  
hou dagboeke, lysies en roosters aan  
is pligsgetrou

kom betyds en is voorbereid  
verkies 'n netjiese omgewing  
is vol deernis vir ander  
is saggeaard  
werk noukeurig, versigtig en akkuraat

b. stel onhaalbare doelwitte  
raak depressief en wanhopig  
is oorsensitief vir kritiek  
dryf self tot uitbranding  
het 'n swak selfbeeld  
is afhanklik van erkenning  
raak maklik foutvinderig  
word haatdraend of bitter  
raak onredelik en emosioneel

**Denneboom Totaal: \_\_\_\_\_**

### **VAN GEBOORTE TOT 2 JAAR**

a. is tevrede en stil  
is aanpasbaar  
slaap meer as ander babas  
is aangenaam en “maklik”  
is geduldig  
sit of lê graag tussen mense  
vra min stimulasie

b. reageer nie spontaan nie  
vermy vreemdelinge  
ontdek nie die omgewing nie  
is lui om te leer loop  
lag en praat min  
kom afsydig voor  
drink, eet of reageer stadig

### **VAN 3 JAAR TOT VOOR TIENERJARE**

a. geniet passiewe tydverdrywe  
geniet dit om in 'n geselskap te sit  
maak nie moeilikheid nie  
wil graag ouers tevrede stel  
is gewillig, hulpvaardig  
is ontspanne en rustig  
is dierbaar en lief  
het insig in ander se behoeftes  
tree versorgend op

b. neem nie aktief deel nie  
vermy werk en inspanning  
is hardkoppig op 'n stil manier  
is bang om te waag  
slaap of lê te veel rond  
onttrek uit konflik – stilstuipe  
ontvlug voor die TV/rekenaar  
is gemaksugtig en selfsugtig  
is stadig en dikwels laat

## **TIENERJARE**

a. is saggeaard  
is maklik om mee klaar te kom  
is 'n simpatieke luisteraar  
bly lojaal aan vriende  
is 'n vredemaker  
is emosioneel stabiel  
raak selde gespanne  
het slim, droë humorsin  
glo die beste van almal

b. sukkel met keuses  
gee werk laat in  
is ongemotiveerd  
kan sarkasties en agteraf wees  
lê beginsels neer ter wille van die vrede

het min dryf en ambisie  
“slaan toe” onder druk  
is onbetrokke en passief  
kommunikeer swak

Met erkenning vir die ouderdomsindeling, party van die baba-eienskappe en die basiese temperamenteienskappe aan Florence Littauer (2000).

Addisionele eienskappe is bygevoeg en sommige is vervang ná bestudering van die werk van Beverley LaHaye (1997), Mary en Sam Peeples (1994) en Charles F. Boyd (1994) en die waarneming van ’n groot aantal kinders oor ’n tydperk van sewe jaar.

## Opsommingstabel

- Palmboom (P) Totaal: \_\_\_\_\_
- Roosboom (R) Totaal: \_\_\_\_\_
- Sierboom (S) Totaal: \_\_\_\_\_
- Denneboom (D) Totaal: \_\_\_\_\_

## Berekening van die tellings en interpretasie

Tel elke keer die boomsoort se totale merkies bymekaar en skryf dit regs van die boomnaam by *Totaal*. Wanneer jy al vier boomsoorte se totale tellings bereken het, kan jy dit oordra na die kleiner tabel hierbo. Dit dien as jou opsomming waaruit jy die relatiewe sterkte van jou kind se temperamentkomponente kan sien. Hy kan dalk totale van onderskeidelik (P)22, (R)35, (S)12 en (D)6 hê, wat beteken dat hy primêr ’n Roosboompie is met sekondêre Palmboomtrekke (in kort sommer ’n Palmroos). Dit beteken dat jy al twee hierdie boomsoorte goed gaan bestudeer in die handleiding wat volg.

As jou kind nog ’n jong kleutertjie is, gaan al die tellings nog redelik laag wees. Dit gaan oor die verhouding tussen die tellings eerder as die numeriese waarde. As die totale byvoorbeeld (P)8, (R)4, (S)11 en (D)8 is, kan ’n mens

wel met redelike sekerheid sê dat die outjie nie 'n roosboom is nie! Die boonste drie tellings is so na aan mekaar dat 'n mens dalk bang is om te veel daaragter te lees.

As selfs 'n tweede of derde opinie jou steeds met 'n staking van stemme laat, is dit gewoonlik goed om die eienskappe wat jy in die *b*-deel van die profiel gemerk het, alleen te bekyk. Die eienskappe in die profiel is so gerangskik dat die meer negatiewe eienskappe by *b* lê. Soos ek vroeër verduidelik het, is ons negatiewe eienskappe (ongelukkig!) 'n meer akkurate aanduiding van ons ware temperament. Daar sal waarskynlik op dié manier meer lig op die prominentste boomsoort val.

Die babaprofiel is meer betroubaar as die kleuter-tot-tienprofiel, en die kleuter-tot-tienprofiel op sy beurt betroubaarder as die tienerprofiel omdat kinders se opvoeding, omstandighede, onderwysers, maats en selfbeeld later groot rolle kan speel in hoe hulle vir ons “lyk”. Hoe jonger, hoe ongeskonder! As die profiel van jou kind dus verwarrend is, kan jy eerder na die “jonger” deel van die profiel kyk.

## Spesiale notas vir ouers van kleuters

Amper alle ouers van twee- of driejariges dink hulle boompie is 'n roosboom. Dikwels is dit 'n “vals” roosboompiefase! Die wil figureer sterk, die emosies is buite beheer, die taalontwikkeling is nie goed genoeg om komplekse behoeftes en gevoelens uit te druk nie, en uitbarstings is dus aan die orde van die dag.

Dit is die fase in jou kind se ontwikkeling waartydens onafhanklikheid en identiteit begin vorm. Die losruk van jou en die ontdekking van hulle eie invloed op hulle omgewing voel vir ons na ongehoorsaamheid, maar dit is in werklikheid noodsaaklike ontwikkelingsmylpale! Dit is die slegste tyd om jou kind se profiel te probeer bepaal, maar dit is ook die tyd wat ons die boompie se spesifieke “handleiding” die nodigste kan kry, nie waar nie?!

Lees maar solank oor al die profiele, volg veral die raad vir 'n roosboompie en herhaal die profiel oor ses maande. Sterkte!

# Die Boomsoortprofiel vir volwassenes

Merk elke eienskap wat STERK in jou geaardheid na vore kom. Probeer om nie te merk wie jy wil wees nie, maar wie jy en mense om jou kan sien dat jy is. Merk eerder minder eienskappe waaroor jy baie seker is. Merk al die prominente eienskappe by al vier die boomsoorte in die *a*- en *b*-kolomme.

As jy vermoed jy verskil baie tussen jou huis en werkomgewing, kan dit help om aan jouself in die tuiskonteks te dink terwyl jy die profiel voltooi, anders sal die toepassing nie regtig jou tuissituasie en ouerskapoptrede pas nie.

## **Palmboom Totaal:** \_\_\_\_\_

a. is kinderlik nuuskierig  
vergeet gou die negatiewe  
leef vir vandag; vergeet die verlede  
is avontuurlustig – oop vir nuwe ervarings  
is aansteeklik entoesiasies  
fluit, dans of sing graag  
is hartlik en warm teenoor mense  
vind kreatiewe oplossings  
is demonstratief met liefde  
maak maklik vriende  
sien in almal die goeie  
kommunikeer kleurvol en vermaaklik  
geniet die lewe intens  
is positief oor verandering

b. beplan nie vir die toekoms nie  
het swak selfdissipline, is impulsief  
ken nie eie beperkings nie  
leer nie uit gister se foute nie



stel werk uit tot die laaste minuut  
gee maklik geld uit, lief vir *gadgets*  
beklemtoon voorkoms en besittings  
het korttermynvriendskappe  
is swak met tydsbeplanning  
luister moeilik na ander  
raak gou rusteloos en verveeld  
praat aanmekaar, meestal oor self  
word nooit heeltemal “groot” nie  
sê moeilik nee vir lekkernye en pret

## **Roosboom Totaal:** \_\_\_\_\_

a. is selfgedrewe  
is doelgerig en gefokus  
funsioneer puik onder druk  
neem vinnig intuïtiewe besluite  
is vrymoedig, selfs vrypostig  
is goed met beplanning en prioriteite  
floreer op verantwoordelikheid  
is prakties sterk –’n probleemoplosser  
het baie wilsrag en veggees  
glo alles is moontlik  
kom gewoonlik betyds  
voltooi take met trots  
is ’n natuurlike, sterk leier  
is betroubaar

b. is dominerend, wil in beheer wees  
delegeer nie, wil alles self doen  
is aggressief of kompetierend  
het dikwels sarkastiese humorsin  
is moeilik om tevrede te stel  
floreer op konflik – dit dryf jou aan  
word maklik woedend kwaad  
luister nie na ander se opinies nie

is ongeduldig of onverdraagsaam  
ignoreer ander se emosies  
neem net deel om te lei of te wen  
is uitermate onafhanklik  
steek neus in ander se sake  
rus nie genoeg nie – brand uit

## **Sierboom Totaal:** \_\_\_\_\_

a. leer uit die verlede, en verbeter self  
streef na uitmuntendheid  
het goeie selfkennis – ken eie perke  
is 'n noukeurige beplanner  
is sensitief teenoor ander  
is kreatief en kunssinnig  
is selfondersoekend  
is betroubaar en betyds  
sien alle faktore, detail, slaggate raak  
is 'n toegewyde vriend of vriendin  
kan diep dinge waardeer, is geestelik  
is dienswillig, goed in 'n diensberoep  
gehoorsaam reëls en regulasies  
is goedhartig  
is empaties

b. maak stadig vriende  
is bang vir skielike verandering  
raak in die verlede vasgevang  
het 'n swak selfbeeld, is onseker  
is soms buierig, afsydig en liggeraak  
is krities en geneig om te skinder  
raak verstrengel in onbenullighede  
is geneig tot obsessie en kompulsie  
vermy die kollig en verhoog  
kan vir niemand nee sê nie  
is perfeksionisties

het 'n slagoffermentaliteit  
ontvlug met behulp van TV, kos, drank of rook  
weet nie hoe om te speel nie

## **Denneboom Totaal:** \_\_\_\_\_

a. is 'n goeie luisteraar, het insig  
neem ander in ag  
is stabiel en voorspelbaar  
het goeie mensekennis  
raak nie oor kleinighede ontsteld nie  
meng nie werk en persoonlike sake nie  
is 'n vredemaker  
is lojaal aan gesin, kollegas en vriende  
het 'n droë, skerp humorsin  
het 'n gelykmatige gemoed  
is 'n uitstekende volgeling van sterk leiers  
is nederig  
bly kalm en kan ander kalmeer  
is tevrede en geduldig

b. beweeg, praat en besluit stadig  
is suinig, andersins goed met geld  
bied weerstand teen verandering  
is oorsensitief vir konflik  
is nie spontaan nie  
sit vas in een rat  
vermy leierskap en groot besluite  
word maklik ander se vloerlap  
word al traer met die ouderdom  
sukkel om gevoelens te verwoord  
het min diep vriendskappe  
het min geesdrif, energie en dryfkrag  
raak maklik skepties of sinies  
kom dikwels laat.

Met erkenning aan Tim en Beverley LaHaye (1992), op wie se

temperamentsprofiel hierdie een geskoei is.

Addisionele eienskappe en aanpassings is gegrond op die studie van die *DISC*-gedragsprofiel, soos beskryf deur Charles F. Boyd (1994) en op waarnemings van en onderhoude met 'n groot aantal volwassenes.

## **Opsommingstabel**

- Palmboom (P) Totaal: \_\_\_\_\_
- Roosboom (R) Totaal: \_\_\_\_\_
- Sierboom (S) Totaal: \_\_\_\_\_
- Denneboom (D) Totaal: \_\_\_\_\_